CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Konsep- bygewerkte vragbestuurstrategie(FMS)

OPSOMMING

Februarie 2026

Departement vervoerbeplanning en netwerkbestuur

Direktoraat stedelike beplanning

1. Waarom vragbeweging in Kaapstad saak maak

Elke produk wat ons koop — van kos tot boumateriaal — hang van vragvervoer af. Landvragbeweging – hetsy per spoor, vragmotor, ligte afleweringsvoertuig of mikrovrag – ondersteun Kaapstad se ekonomie, wat werksgeleenthede ondersteun en plaaslike besighede met nasionale en wêreldmarkte verbind. Namate die stad en die ekonomie groei, groei die vragbeweging (insluitende afvalbeweging). Die meeste vrag deur Kaapstad beweeg per **pad,** wat tot padskade, veiligheidsrisiko's en omgewingsimpak lei, en bydra tot, asook geraak word deur, verkeersdruk.

De bygewerkte vragbestuurstrategie (FMS) sit die Stad se plan uiteen om hierdie druk te bestuur en te verseker dat vrag **veilig**, **doeltreffend** en **volhoubaar** kan beweeg.

2. Waarom die strategie bygewerk moet word

Sedert die Stad se vorige vragbestuurstrategie (2016) het Kaapstad die volgende ondervind:

- **'n Toename in padgebaseerde vrag,** namate spoorinfrastruktuur en -dienste agteruitgegaan het.
- **Groter druk op hoofpaaie,** insluitende die N1, N2, en N7.
- **Toenemende veiligheidskwessies,** met 20-30 vragmotorongelukke op snelweë elke maand.
- **Groei in aanlyn aankope,** wat tot meer ligte afleweringsvoertuie en mikrovrag op plaaslike paaie lei.
- **Bedryfsuitdagings by die Kaapstad-hawe,** wat betroubaarheid vir in- en uitvoerders affekteer.
- **Toenemende omgewingskwessies,** insluitende koolstofvrystellings en geraas.

Die bygewerkte FMS reageer op hierdie uitdagings terwyl dit met nasionale en provinsiale beleide en die Stad se nuwe geïntegreerde ontwikkelingsplan (2022-2026) en die omvattende geïntegreerde vervoerplan (2023-2028) strook.

3. Die strategie

Visie

> *Vragvervoer in Kaapstad en sy funkionele gebied is **veilig, doeltreffend,** en **betroubaar** en bedien die behoeftes van die **plaaslike en streeksekonomie** sonder om die toegangs- en mobiliteitsbehoeftes van medepad- en spoorgebruikers in gedrang te bring, terwyl operateurs **regulasies** met betrekking tot veiligheid, die omgewing, batebehoud en die "gebruiker betaal"-beginsel begryp en **nakom**.*

Vier fokusgebiede om die visie te bereik

1. **Veiligheid**

> *Verseker die veiligheid van alle padgebruikers deur vragverwante insidente te verminder, voertuigstandaarde te verbeter en risiko's in die vragvervoer-ekostelsel te hanteer.*

1.1. Steun die vermindering in vragverwante ongelukke deur **bedryfsverbeterings** (bv. padtekens, verpligte stopmaatreëls).

1.2. Verhoog steun vir beter **padwaardigheid** van voertuie en **gedrag** van bestuurders.

1.3. Ontwerp **veiliger strate** wat vrag akkommodeer, maar beskerm ook voetgangers en fietsryers.
1.4. Streef na goeie **data, beplanningshulpmiddels en regulering** vir die toename in **mikromobiliteitsaflewerings**.

2. **Doeltreffendheid en betroubaarheid**

Verbeter die voorspelbaarheid, prestasie en veerkragtigheid van vragbeweging in Kaapstad deur vervoermiddelkeuses, infrastruktuur en bedryfskoördinasie te optimaliseer.

2.1. Moedig 'n verskuiwing van vrag van **pad- na spoorvervoer** aan. Ongeveer **95% van Kaapstad se uitvoere word per pad vervoer**, terwyl slegs 5% per spoor vervoer word. 'n Verskuiwing sal vragmotors uit verkeersdruk verwyder, vragmotorverwante padagtergang verminder en koolstofvrystellings verminder.
2.2. Handhaaf vragroetes.
2.3. **Verminder vertragings weens padgebaseerde ongelukke.** Handhaaf en verbeter die huidige goeie insidentreaksie met betrekking tot die afkordon, bestuur en opklaar van padongelukke ter ondersteuning van alle padgebruikers.
2.4. Ondersteun **binnelandse terminale** en vrag**korridors**.
2.5. Verbeter koördinasie met die **Kaapstad-hawe**. Daar is byvoorbeeld tans beperkte benutting van die hawe se na-uurse dienste deur gebruikers. Die Stad behoort na-uurse vragbeweging te steun om druk op die Stad se paaie te verlig, veral na weerverwante vertragings en tydens spitsuitvoerseisoene.

3. **Steun aan plaaslike en streeks- ekonomiese groei**

Posisioneer vragvervoer as 'n instaatsteller van inklusiewe en volhoubare ekonomiese ontwikkeling deur infrastruktuur, grondgebruik en bedrywighede met die behoeftes van Kaapstad se veranderende ekonomie te laat strook.

3.1. Beplan grondgebruike en infrastruktuur wat nywerhede en logistiek steun. Byvoorbeeld, herlewing van vragspoorlyne; beplanning vir vraginfrastruktuur vir hawe-toegang.
3.2. Beplan vir **groei in hawebedrywighede**, veral vraghouerbeweging per spoor.
3.3. **Beskerm** goed geleë **gebiede vir nywerheids-** en vragverwante bedrywighede.
3.4. Ondersteun **veerkragtigheid** en **aanpasbaarheid** om op veranderinge en risiko's in die logistieke stelsel en werksmag te reageer.

4. **Nakoming en regulering**

Versterk regeringsbestuur en aanspreeklikheid in die vragvervoersektor deur doeltreffende regulering, wetstoepassing en samewerking met belanghebbendes, terwyl omgewingsverantwoordelikheid en 'n billike bydrae tot infrastruktuurgebruik bevorder word.

4.1. Versterk wetstoepassing teen **oorlading**, **onveilige** voertuie, **onwettige** bedrywighede en informele vragmotorparkering.
4.2. Bevorder **self-regulering** en nakoming in die bedryf.
4.3. Ondersteun 'n billiker **"gebruiker betaal"**-benadering tot padinstandhouding.

5. Moontlike ingrypings wat in die strategie geïdentifiseer word

5.1. Verbeter veiligheid

- Gradeer gevaarlike kruisings en vragongelukbrandpunte op.
- Versterk voertuiginspeksies en pas reëls op die vervoer van gevaarlike goedere toe.
- Werk saam met die bedryf vir beter bestuurderopleiding en hantering van bestuurdermoegheid.
- Gebruik tegnologie soos CCTV, stelsels vir weeg tydens beweging en geoutomatiseerde opsporing van hoogte-oorskryding.

5.2. Maak vragbeweging meer doeltreffend

- Tree op as voorstander van **spoorherlewing** en die skoonmaak van spoorreserwes.
- Ondersteun binnelandse terminale soos **Kraaicon** en verbeter toegang tot Belcon.
- Stel 'n **vraginsidentbestuursplan** op om vertragings te verminder.
- Verbeter koördinasie met provinsiale en nasionale vennote, veral SANRAL, Transnet en die hawe.

5.3. Ondersteun die ekonomie

- Integreer vragbehoeftes met grondgebruikbeplanning om te verseker dat nywerheidsgebiede goed verbind is.
- Beskerm grond vir toekomstige logistiekhubs en spoorverbinde fasiliteite.
- Werk saam met besighede om hawebedrywighede buite spitstyd, digitale skedulering en beter roetering aan te moedig.

5.4. Verbeter nakoming

- Verhoog die kapasiteit van die Stad se padvragvervoereenheid.
- Slaan oorlading, onpadwaardige voertuie en bedrieglike lisensiëring hok.
- Bevorder bedryfsaangevoerde nakomingskemas soos RTMS.
- Werk saam met die provinsie oor billike en volhoubare vragkosteverhalingsmeganismes.

6. Monitor vordering

Die Stad sal 'n gestruktureerde **raamwerk vir monitering en evaluering** daarstel om:

- Data-invordering te verbeter, veral met betrekking tot vragvolumes, ligte afleweringsvoertuie en mikrovrag.
- Rekord te hou van vordering deur verslagdoening teenoor teikens met bestaande Stadsprestasiestelsels.
- Die aanspreeklikheid van departemente te verseker.